**Kyk, Ek gaan die Galdeërs laat optrek (OP261)**

**Habakuk 1:1-2:1**

**14 Junie 2026**

Laaskeer het ons begin om die boek Habakuk te bestudeer. Ons het gesien hoedat Habakuk teen ongeveer 600 v.C. na die alledaagse lewe in die volk Juda gekyk het. Wat hy gesien het was dat die samelewing gekenmerk was deur onreg, leed, vernietiging, geweld, twis, rusie en verdraaiing van die reg. Dit het hom ontstel. Gevolglik het hy tot die Here gebid – hy het alreeds herhaalde male gebid hieroor. Maar die Here het Hom nie geantwoord en verlossing gebring nie. Dit het hom nog meer ontstel: waarom laat die Here hom hierdie onreg ervaar, en dit terwyl die Here toekyk? Ons het ook daarop gelet dat wat Habakuk destyds gesien het, is ook wat ons vandag steeds sien – ons sien dieselfde onreg in die wêreld, in ons land en selfs ook in die kerk. Ons bid ook dikwels hieroor, en baie keer voel ons ook die Here luister nie. Laaskeer het ons begin om sin te maak hieruit. Ons het toe meer in die algemeen hieroor besin. Ons het daaroor besin dat die Here sulke situasies gebruik om ons te herinner aan die "doctrines of grace" – dat alle mense verdorwe is, dat net sommiges deur die Here uitverkies en verlos is, dat net hulle standpunt inneem teenoor die onreg, terwyl die meeste mense vrede daarmee het om steeds aan die onreg deel te neem. Maar ons het ook gesien, eventueel sal die Here die gelowiges uit die onreg wegneem in heerlikheid.

Vandag wil ek hierdie situasie waarin Habakuk hom bevind het, verder oordink. Ek wil stilstaan by twee sake: (1) Die antwoord wat die Here destyds vir Habakuk gegee het (Hab 1:5-11), en (2) Habakuk se respons nadat hy die Here se antwoord gehoor het (Hab 1:12-2:1). Daarna wil ek enkele toepassings maak.

<u>Die antwoord wat die Here destyds vir Habakuk gegee het (Hab 1:5-11)</u>

Lees Hab 1:5. Dit is die Here self wat hier aan die woord is. Natuurlik moes dit Habakuk al opgewonde gemaak het. Onthou, laasweek het ons gesien hy het gesê hy roep tot die Here, maar die Here luister nie en bring nie verlossing nie. Maar nou antwoord die Here! Dit is verblydend!

Die Here sê vir Habakuk hy moet na die nasies gaan kyk en oplet. Ek kan my goed indink dat Habakuk bietjie verbaas was oor hierdie opmerking van die Here: Immers hy kla by die Here oor die onreg wat in Juda gebeur, maar die Here sê hy moet na die nasies gaan kyk – en goed oplet wat daar gebeur. Natuurlik is daar baie onreg onder die nasies, maar Habakuk moes sekerlik gedink het maar dit is nie nou die punt nie – sy bekommernis is Juda en die onreg wat binne Juda plaasvind.

Maar die Here gaan voort: Habakuk moet na die nasies gaan lyk – en dan sal hy verslae en verstom wees. Aan die een kant moes dit sekerlik vir Habakuk opgewonde gemaak het: Die Here gaan optree op so 'n manier dat hy verstom sal staan – dit klink belowend. Maar aan die ander kant moes dit Habakuk ook bekommerd gemaak het: Want die Here het ook gesê wat hy gaan sien gaan hom verslae maak. Dit is nie wat Habakuk sou wou sien nie – hy is reeds verslae oor die toestand in Juda, maar nou sê die Here hy sal nog meer verslae word!

Die Here gaan voort in vers 5: Daar gaan iets gebeur! Dit klink belowend! Uiteindelik gaan die Here optree, en iets gaan gebeur! Al Habakuk se gebede was dus nie verniet nie. Die Here het gehoor, en die Here beloof nou dat Hy sal sorg dat iets gaan gebeur. Geliefdes, dink jou dit in: Ons bid tot die Here oor die toestand in die wêreld, in ons land en selfs in die kerk – en die Here antwoord en sê: Let mooi op: Iets gaan gebeur!

En dan gaan die Here selfs nog verder: Hy sê vir Habakuk, en by implikasie ook vir ons, hierdie “iets” wat gaan gebeur gaan nog in Habakuk, en dus ook in ons, dae gebeur. Dit gaan dus spoedig gebeur. Nog in Habakuk se leeftyd. Voor hy sterf. Nie eers eendag nie, nie eers met die wederkoms nie – nee, spoedig tydens sy lewe hier op aarde. Teen hierdie tyd moes Habakuk sekerlik al baie opgewonde gewees het. Wat gaan dit wees wat die Here gaan doen?

En dan gaan die Here nog verder: Wat die Here gaan doen, gaan so verstommend wees, dat Habakuk dit nie eens sou glo as iemand dit aan hom vertel het nie! Sonder twyfel is wat die Here beplan om te doen, iets groot. Sonder twyfel gaan baie mense daardeur geraak word. Wat die Here gaan doen, gaan letterlik ongelooflik wees. As dit nie was dat dit die Here self was wat besig was om met Habakuk te praat nie, as dit iemand anders was wat aan hom kom vertel het wat die Here gaan doen – sou Habakuk daardie persoon eenvoudig nie kon glo nie.

By implikasie is dit ook wat die Here vir ons sê wanneer ons worstel met die onreg van ons tyd: die Here gaan in ons tyd iets doen wat ons nie sou kon glo as iemand dit aan ons vertel het nie. Maar die feit van die saak is: dit is die Here self wat dit beloof, Hy het dit vir ons in die Bybel laat opteken – in die antwoord wat Hy destyds aan Habakuk gegee het.

Wat is dit wat die Here gaan doen? Lees Hab 1:6a. Die Here sê: “Ja, kyk, Ek gaan die Galdeërs laat optrek”. Kom ons dink vir ‘n oomblik oor wie die Galdeërs is: Lees Hab 1:6-8. Die Galdeërs was die Babiloniërs. Hulle het destyds daarna gestreef om die wêreld te oorheers. Let op hoe die Here self hulle beskryf:

- Hulle is ‘n verbitterde en voortvarende nasie (v6). Hulle is verbitterd omdat hulle voel hulle is geregtig op dinge wat hulle nie besit nie. Hulle is voortvarend. Hulle tree op om dit wat hulle wil hê, in besit te neem. En hulle is suksesvol in hulle voortvarendheid. In hulle voortvarendheid betoon hulle geen genade nie, hulle spaar hulle teenstanders geen pyn nie, hulle is wreed en gewelddadig.
- Boonop is hulle sterk – hulle trek oor die aarde met die doel om al die woonplekke van volke in besit te neem, selfs al behoort dit nie aan hulle nie (v6).
- Hulle is skrikwekkend en vreesaanjaend (v7). Hulle is ‘n formidabele magtige nasie met vreesaanjaende vermoëns: Hulle perde is vinniger as luiperds en ratser as wolwe (v8). Hulle ruiters kom blitsig aangejaag, en dan duik hulle af op hulle vyande soos arende wat afduik op hulle prooi (v8).
- Boonop, sê vers 7, gaan hulle reg van hulleself uit. M.a.w. hulle doen net wat hulle wil. Hulle eie wil is hulle wet. Hulle steur hulle eenvoudig nie aan enige wette of norme nie. Hulle respekteer nie die regte van hulle vyande nie, hulle het geen saak daarmee om hulle vyande onmenslik te behandel nie, hulle eer niemand se belange nie – net hulle eie. Hulle is oortuig hulle is verhewe bo alle wette en norme. Onthou: Dit was een van die dinge wat Habakuk destyds onder die volk gesien het: Hulle het die reg verdraai soos wat hulle self goedgedink het, en ten gunste van hulle eie voordeel. Wel, nou word hulle die slagoffer van die Galdeërs wat soortgelyk optree – net op ‘n nog groter skaal as wat die volk gedoen het.
- Lees Hab 1:11. Omdat die Galdeërs so suksesvol is in hulle onderdrukking van die ander nasies, het hulle sukses hulle god geword. Hulle was oortuig hulle eie krag is hulle god.

Teen hierdie stadium was Habakuk sekerlik verstom – maar ook verslae! Dit is nie wat hy verwag het nie. Maar steeds is die Here nie klaar nie – Hy verduidelik ook aan Habakuk wat hulle kan verwag wanneer die Galdeërs kom:

- Hulle gaan letterlik oor die breedte van die aarde trek om die plekke in te neem wat nie aan hulle behoort nie (v6). Dit beteken Juda kan verwag dat die Galdeërs ook binnekort, nog in die leeftyd van Habakuk, na die beloofde land gaan kom en dit in besit sal neem.
- Maar hulle gaan nie net die land in besit neem nie. Lees Hab 1:9. Hulle gaan die bevolking van Juda as krygsgevangenes bymekaar maak, soos wat 'n mens sand bymekaar maak. Die volk kan dus verwag dat hulle in ballingskap weggevoer gaan word as krygsgevangenes.
- Lees Hab 1:10. En steeds is daar meer waarvan Habakuk kennis moet neem: Die Galdeërs gaan kom, en 'n bespotting maak van die Judese konings. Van al die regeerders van die volk sal hulle 'n grap maak – totale vernedering, en gevolglik sal hierdie konings en regeerders geen mag meer hê nie.

Let mooi op die drie aspekte wat die straf behels: Die volk gaan die land verloor, hulleself gaan as krygsgevangenes weggevoer word, en hulle konings sal onttroon en bespotlik gemaak word. Ons kom later terug hierna.

Sien jy wat hier gebeur? Habakuk was ontsteld toe hy die onreg en ongeregtigheid van die volk Juda gesien het. Hy het vir die Here gevra hoekom hy al hierdie onreg moet ervaar. En die reaksie van die Here was dat Hy dit gaan aanspreek. En die manier waarop Hy dit gaan aanspreek, is deurdat Hy die goddelose, onregverdige Galdeërs gaan stuur om die ongeregtigheid van die volk te straf. Die onregverdige Galdeërs gaan die instrument word om die geregtigheid van God te handhaaf. Dit is voorwaar verstommend, en het Habakuk sekerlik verslae gelaat. Let op: Die magtigste nasie op die aarde word deur God gebruik. Al is die Galdeërs nie bewus daarvan nie, al verkeer hulle onder die indruk hulle eie krag is hulle God, is hulle niks meer nie as bloot 'n instrument in die hand van die Here, wat Hy kan gebruik om Sy doel mee te bereik. Hulle dink hulle is magtig, maar die Here God is almagtig.

Maar, geliefdes, ons het gesê ons ervaar ook wat Habakuk ervaar het, en ons bid ook soos hy. En dus moet ons ook van hierdie antwoord van die Here kennis neem. As ons bekommerd is oor die wêreld wat toenemend hulle rug op die Here en Christelike waardes draai en ons bid herhaaldelik hieroor, kan die punt bereik word waar die Here se antwoord is Hy is ook so besorgd hieroor dat Hy dit sal hanteer deur 'n nog meer goddelose nasie te stuur. As ons bekommerd is oor die onreg in ons land en ons bid herhaaldelik hieroor, kan die punt bereik word waar die Here se antwoord is Hy sal hierteen optree deur 'n onregverdige regering daar te stel wat geen respek vir wette het nie en wat oortuig is hulle eie mag is hulle god. As ons bekommerd is oor die toestand in kerke waar onskriftuurlike praktyke en leerstellings ingevoer word en ons bid herhaaldelik hieroor, kan die punt bereik word waar die Here se antwoord is Hy is ook besorgd hieroor – Hy sal onverantwoordelike leiers stuur wat die kerke nog meer sal uitbuit. Maar kom ons wees eerlik: Dit is so anders as wat ons sou wou sien, so anders as wat ons sou verwag het.

<u>Habakuk se respons nadat hy die antwoord van die Here gehoor het (Hab 1:12-2:1)</u>

Habakuk is eenvoudig verstom as hy dit alles hoor. Hy het sekerlik verwag dat die Here die volk Juda sou aanspreek en selfs tugtig oor die onreg wat hulle besig is om te pleeg. Maar wat hom verstom, is die manier waarop die Here dit gaan bewerk. Die Here gaan 'n goddelose nasie, met wie hy nooit 'n verbond gesluit het nie, gebruik om die volk met wie die Here wel 'n verbond gesluit het, te straf. Die onreg waaraan die Galdeërs skuldig is, is oënskynlik selfs erger as die onreg waaraan Juda skuldig is. Dit lyk of die straf erger is as die oortreding.

Wat vir Habakuk nog erger is, is dat dit vir hom lyk of hierdie beloofde optrede van die Here in konflik is met die karakter van die Here. Lees Hab 1:12-13. Let op die volgende:

- In vers 12 spreek Habakuk die Here aan as “Here, my God” – Here is in die 2020 DAV vertaling met hoofletters geskryf, d.w.s. dit is die Verbondsnaam van die Here, dit is “Jahwe”. En dit is wat vir Habakuk so vreemd is: Die Here is tog die Verbondsgod, en die volk Juda is tog die verbondsvolk. Die Here het Hom tog aan hulle verbind. Direk na die sondeval het Hy tog beloof dat daar ‘n Verlosser uit die nageslag van die vrou sal kom. Hy het tog beloof om aan hulle klere van vel te gee. Nou het hulle gesondig, hulle het behoefte aan die Verlosser, en aan die klere van vel – maar die Here beloof om die Galdeërs te stuur. Hoe klop dit? In die verbond met Noag het die Here beloof om die aarde in stand te hou tot die einde – maar nou stuur die Here die Galdeërs en hulle maak amok soos wat hulle wil regoor die aarde heen. Aan Abraham het die Here beloof dat hy ‘n groot nageslag sal hê, en hulle sal in die beloofde land woon. Maar die realiteit is dat nog net twee van die twaalf stamme van Abraham se nageslag oor is, en nou beloof die Here hulle gaan ook weggevoer word. Nie net bedreig dit die bestaan van Abraham se nageslag nie, hulle gaan die beloofde land ook verloor. Aan Dawid het die Here beloof daar sal Iemand uit sy nageslag wees wat altyd op sy troon sal sit en oor die volk sal heers. Maar nou beloof die Here dat die Galdeërs gaan kom en hulle gaan ‘n bespotting van die verbondsvolk se koning maak. Hoe klop hierdie beloofde optrede van die Here met al Sy vorige verbondsbeloftes aan die volk?
- In vers 12 redeneer Habakuk met die Here en sê dat die Here tog al van ewigheid af bestaan. Hy spreek die Here ook aan as “Die Rots”. Die Here is tog standvastig. Hulle het tog die Here leer ken as Iemand wat altyd dieselfde bly – van die begin tot die einde. Maar nou lyk dit of die Here ‘n nuwe koers inslaan wat in stryd is met die standvastige Here wat hulle deur die loop van die jare leer ken het.
- Hy spreek ook die Here aan as “die Heilige”. Dit is tog hoe die Here is – drie maal heilig! By die Here is daar geen onreg nie – Hy duld dit eenvoudig nie. In vers 13 redeneer Habakuk een van die gevolge van die heiligheid van die Here is dat Hy te rein is om sonde te aanskou. Daarom kan Habakuk heeltemal verstaan dat die Here teen Juda sal optree a.g.v. al die onreg wat hulle pleeg – maar wat hy nie kan verstaan nie is dat die Here ‘n nasie gebruik om hulle te straf wat meer goddeloos is as die volk. Die Here duld dan nie onreg nie. Hoe kan die Here dan nou as’t ware saam met die Galdeërs wil werk teen Israel? Dit bots tog met die heiligheid van die Here, is dit nie?

Gevolglik gaan Habakuk na die Here met ‘n klomp vrae:

- U bestaan tog van altyd af, nie waar nie? U is tog standvastig, en altyd dieselfde. U het darem seker nie nou van koers verander nie, of hoe?
- Ons gaan tog sekerlik nie sterf nie – is dit nie?
- Here, het U werklik die Galdeërs bestem om hierdie oordeel oor die volk te kom uitvoer? Het U werklik hulle beskik om die volk tereg te wys?
- Here, hoe kan U toekyk as ‘n meer goddelose nasie die volk verswelg wat regverdiger is as hulle?

Lees Hab 1:14-17. Hier som Habakuk op wat hy gehoor het wat die Here nou gaan laat gebeur. Hy vergelyk die volk met ‘n klomp visse in die see. Hulle krioel daar in die see – sonder dat hulle ‘n leier het. En dan kom die Galdeërs soos iemand wat ‘n hoek en ‘n skepnet het – en hiermee vang hulle al die visse, hulle vang dus almal van Juda. Soos ‘n visserman bly sal wees as hy so ‘n groot vangs maak, so gaan die Galdeërs ook bly wees. Maar hulle gaan hulle geluk toeskryf aan hulle hoeke en nette – daarom gaan hulle offers aan hulle hoeke en nette bring – dit is hulle god vir wie hulle hulle dank wil betoon. En Habakuk vra vir die Here: Is dit die situasie wat die Here as’t ware wil bevorder? Immers, die Here is tog die enigste Here. Immers mag net Hy aanbid word, is dit nie? Maar die optrede van

die Here bevorder nou afgodery – dat die Galdeërs hulle hoeke en nette, d.w.s. hulle eie krag en sukses, sal aanbid. Dit kan tog nie tot eer van die Here wees nie?

<u>Toepassings</u>

Ek wil graag 'n paar toepassings maak uit wat ons tot dusver geleer het:

- Habakuk was reg en het verantwoordelik opgetree toe hy die onreg in Juda voor die Here gebring het. Hy was besorgd oor die volk van die Here wat nie geleef het soos wat die Here verwag nie. Daarom was hy opgewonde toe die Here wel sy gebede geantwoord het. Maar nou verstaan hy eenvoudig nie die antwoord van die Here nie. Wat kosbaar is en wat ons nie moet miskyk nie, is dat Habakuk egter steeds die vrymoedigheid neem om met die Here daaroor te praat. Hy neem die vrymoedigheid om ernstige vrae aan die Here te vra. Hy bevraagteken hoe die optrede van die Here strook met wie die Here is. Die verstommende is dat die Here hierdie bevraagtekening van Habakuk toegelaat het. Ons sal sien dat die Here weer vir Habakuk geantwoord het. Die punt wat ons moet raaksien, is die volgende:
  - Die Here wil dat ons insae mag hê in wat Hy doen. Die feit dat ons die Bybel het waarin die Here Homself aan ons bekend maak, is absoluut verstommend. Daarsonder sou ons baie gebrekkige kennis van die Here gehad het. Maar in die Bybel maak die Here Homself bekend. So mag ons onder andere leer hoe die Here Habakuk geantwoord het toe hy geworstel het met die onreg van sy dag.
  - Maar die Here wil selfs meer aan ons openbaar: Hy wil nie net dat ons insae sal hê in wat Hy doen nie. Hy laat selfs toe dat ons Sy optrede mag bevraagteken as ons dit nie verstaan nie. Hy wil dat ons selfs tot 'n mate sal verstaan hoekom Hy done wat Hy doen. Natuurlik sal ons dit nooit volledig verstaan nie. Maar die Here wil dat ons ons inspan om wat Hy bereid is om aan ons bekend te maak, behoorlik te verstaan. En ons mag selfs in gebed met Hom daaroor worstel. Snap jy die wonder hiervan? Nie net wil die Here dat ons ten minste tot 'n mate mag begryp wat Hy doen nie, Hy wil selfs dat ons ten minste tot 'n mate mag begryp hoekom Hy doen wat Hy doen. Ons moet ons dus inspan om te leer.
- Kan ek jou vra: Is jy werklik oortuig dat die Here soewerein is? As ons sê die Here is soewerein, dan beteken dit dat Hy absoluut en totaal en al in beheer is van alles wat gebeur hier op aarde, en selfs in die heelal? Glo jy dit? Ek sal verbaas wees as enige van julle sal sê julle glo dit nie. Dit is tog wat ons bely: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige" – sien: daar het jy dit: Die Here is die Almagtige, Hy het al die mag, Hy is dus soewerein. Ons glo dit. Is dit nie juis wat Rom 11:36 sê nie: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge". Hierdie vers sê tog: Hy begin alles, Hy laat alles gebeur, en alles gebeur vir Hom. Hy is dus soewerein.

  En tog het ek nie solank gelede nie 'n debat met 'n predikant gehad wat gereeld hierdie belydenis bely – maar hy was nie bereid om te erken die Here is totaal soewerein en beheer letterlik alles nie. Byvoorbeeld, hy was nie oortuig dit is die Here wat die huidige regering in Suid Afrika aangestel het nie. Die huidige regering is, volgens hom, deur die demokratiese stelsel aangewys – ja, miskien het die Here die demokrasie as stelsel gevestig, maar Hy het nie die regering aangestel nie. Wel, dit beteken hierdie persoon glo nie werklik die Here is soewerein nie.

  John Blanchard skryf: "Die Christen wat nog nooit geworstel het daarmee om die soewereiniteit van God te versoen met die geweldige onreg in die wêreld nie, het nog nooit ernstig hierdie saak bedink nie." Kom ek vra 'n paar vrae na aanleiding van dit wat ons vandag oor besin het:

- As die Here soewerein is, hoekom het Hy nie voorkom dat daar soveel onreg onder die volk was?
- As die Here soewerein is, kon Hy tog nadat die volk so ongehoorsaam was, hulle wonderbaarlik gered het deur hulle liefde vir sonde weg te neem. Hoekom het Hy nie? Hoekom stuur Hy 'n nog meer goddelose nasie om hulle te laat swaar kry?
- As die Here soewerein is, hoekom sterk Hy die Galdeërs as't ware in hulle kwaad deurdat Hy toelaat dat hulle dink hulle is self in beheer, en hulle krag is hulle god?
- Laasweek het ons gesien die Here het sekere mense uitverkies en Hy sal hulle eventueel verlos uit die onreg. As die Here soewerein is, hoekom so 'n lang en omslagtige pad? Hoekom het Hy nie voorkom dat Adam en Eva gesondig het nie? Nog beter, hoekom het Hy nie net mense geskep wat nie in sonde sou val nie? Hoekom het Hy nie voorkom dat daar 'n duiwel is nie? Dan was daar nie al die onreg in die wêreld nie, en dan was dit selfs ook nie nodig dat die Here Jesus mens moes word en kom ly het nie? Hoekom het Hy nie van die begin af net mense geskep wat Hom wil verheerlik nie?

In 'n sekere sin, is dit ook waarmee Habakuk worstel. As die Here soewerein is, hoekom het Hy besluit om op te tree soos wat Hy nou aangedui het Hy gaan optree? Veral gesien in die lig van die feit dat dit lyk of hierdie optrede van die Here in stryd is met Sy karakter. En dit is ook hoekom ons baie keer worstel met die Here se soewereiniteit. Ons sien die onreg, en dan sê die Here boonop Hy gaan nog meer onreg stuur. Is dit die optrede van die soewereine God? Is daar nie 'n beter plan nie?

Genadiglik het die Here toegelaat dat Habakuk met Hom hieroor kon redeneer, sodat hy, en ook ons, hieruit kan leer. Ons het nog nie alles geleer wat Habakuk destyds geleer het nie, en daarom kan ons nog nie al die vrae antwoord nie. Ons sal geduldig moet wees tot ons verder gevorder het in die boek. Dit mag selfs wees dat ons aan die einde van Habakuk steeds onbeantwoorde vrae mag hê. Maar ek is ook oortuig daar is belangrike punte om te leer uit hierdie boek oor hoekom die Here optree soos wat Hy optree. Maar intussen wil ek jou vra dat jy gaan besin oor hierdie moeilike vrae, sodat ons gereed kan wees om meer te leer soos wat ons in Habakuk vorder.

Een punt wat ons wel uit vandag se gedeelte geleer het, is die volgende: JC Ryle het dit opgesom met die volgende stelling: "Selfs die heel slegste en heel boosste vyande van God is maar net byle en sae en hamers in die hand van die Here. Hulle is onbewustelik Sy instrumente om Sy werk in hierdie wêreld te doen." Gaan besin solank oor hoe die Here hierdie slegte vyande van Hom, soos die Galdeërs, wil gebruik vir Sy doel.

- Soos ek hierbo probeer uitgelig het, behoort ons ons werklik in te span om soveel moontlik van die Here en Sy werk te verstaan. Ons moet ons inspan om leerstellig te verstaan hoe die Here werk – dit is hoekom Hy Hom aan ons bekend maak. Maar ons moet ook begryp: Die Here en Sy werk is veel groter en meer kompleks as wat ons kan begryp. Selfs as ons al ons leerstellings akkuraat opgestel het en deeglik getoets en beredeneer het, beteken dit steeds nie dat ons dan alles in die lewe in detail sal verstaan nie. Die realiteit is dat ons steeds deur 'n spieël in 'n raaisel kyk. Eendag sal ons van aangesig tot aangesig sien. Maar dit is nie nou al nie. Maar weereens, beteken dit nie dat ons nou maar net agteroor kan sit nie. Die Here wil dat ons ons verdiep in Hom en Sy werk.

<u>Afsluiting</u>

Habakuk het nou heelwat vrae aan die Here gestel. Lees Hab 2:1. Habakuk het verstaan hier is groter dinge aan die gebeur wat hy nie ten volle begryp nie. Hy het dit voor die Here gebring. En nou wag hy op die antwoord van die Here. Hy gaan neem stelling in op sy wagpos en is op die uitkyk vir wat die Here gaan sê. Dit is iets waarin ons onsself moet oefen: Om ‘n saak voor die Here te bring, en om dan in afwagting te wag op die Here se antwoord. Hierdie wag is in ‘n sekere sin passief – die Here moet antwoord. Maar dit is ook aktief: Habakuk sit angstig en wag in sy wagpos, hy hou sy oë oop. Hoe gaan die Here antwoord, en wat gaan Hy antwoord? Hy wil dit nie mis nie. Mag ons ook so in afwagting wag op wat die Here ons nog verder uit die boek Habakuk wil leer.